Korrekte bemesting

Akasias moet so veel as moontlik potas en fosfate in die bemestingsprogram ontvang. Indien stikstof uitgeskakel kan word, sal beter resultate verkry word.

My eie bemestingsprogram is om fosfate in die grondmengesel in die vorm van beenmeel in te werk. Vermy bloedmeel of enige stikstofryke materiaal in die grondmengsel. Ek gebruik ook suiwer potas (Kalium) wat by tuinhandelaars beskikbaar is en dien dit gereeld toe.

Die voortreflike eienskap van potas is dat dit kort, stewige groei tot gevolg het. Stikstof daarenteen veroorsaak 'n lang lenige groei wat sover moontlik uitgeskakel behoort te word.

Beheerde watertoediening

Dit is uiters noodsaaklik dat water tydens die aktiewe groeiperiode streng beheer moet word. Dit help nie om Akasias saam met ander soorte boompies op dieselfde rak te plaas nie. Akasias moet minder water as ander soorte boompies ontvang in die aktiewe groeiperiode om sodoende te sorg dat oortollige groei sover moontlik uitgeskakel kan word. Tydens lang periodes van reënweer kan 'n plastieksak oor die bak geplaas word om oortollige benatting te verhoed.

Nadat die groei gevestig of "ryp" is, kan normale hoeveelhede water toegedien word. 'n Praktiese wenk is dus om alle Akasias saam te groepeer en sodoende hulle water en voedingsprogram eenvormig te probeer hou.

TERUGSTERWING VAN TAKKIES

Die volgende riglyne kan nuttig wees in die voorkoming van terugsterwing van takkies:

a. Boorwurms is geneig om Akasias aan te val. Hulle boor binne die afgesnyde takke in en veroorsaak dat die hele tak tot by die volgende ogie terugsterf. Om hierdie probleem van terugsterwing te voorkom, moet seëlmiddel te alle tye op oop snywonde gebruik word.

b. Afgesnyde internodes moet as steeltjies aanbly. Wanneer jonger groei teruggesnoei word, moet die takkie anderkant die vorige ogie afgesny word om as steeltjie te help om die volgende ogie sywaarts te dwing. Hierdie steeltjies wat sodoende vir 'n tyd oorgelos word, verdroog mettertyd tot by die nuwe ogie. Dit gee die nuwe ogie egter kans om te seël sodat die sapvloei in die nuwe rigting beweeg. Sodoende sterf die takkie nie verder terug as tot by die vorige ogie nie.

BLAARVERKLEINING

Soos by alle bonsai, is die strewe na klein blaartjies. Dit is egter dikwels moeilik om ideale verkleinings te verkry.

Blaarverkleining behoort eers in aanvang te neem nadat die boompie ten volle ontwikkel en gevorm is. Solank as die boompie nog aktief moet groei, sal pogings om die